

Ontmoeting 18

God verras my *hier*

Die weggesteekte skat

Hierdie ontmoeting wil graag die skatte ontdek wat God vir ons wegsteek. Al wat ons moet doen, is om daarvoor te soek.

Teks: Matteus 13:44: “Met die koninkryk van die hemel gaan dit soos met 'n skat wat in 'n saailand onder die grond lê. Wanneer iemand dit kry, maak hy dit weer toe; en omdat hy baie in sy skik is, gaan verkoop hy alles wat hy het en hy koop daardie land.”

Hulpmiddels:

- ◆ Mynwerker uitrusting (harde hoed, kopligh, graaf of pik)
- ◆ Sandbak of sanderige grond buite
- ◆ Albasters, lego, klippies of enigiets wat lekker begrawe kan word om weer gevind te kan word
- ◆ Karton, toiletrol, kleeflint, kleefplastiek, krammasjien (“stapler”), roomysstokkies (afhangend van watter gereedskap jy maak)
- ◆ Koeverte of papier om koeverte te maak
- ◆ Genoeg van die uitgeknipte vorms vir elke kind: hartjies, horlosies, pleisters, smiley faces, hande, lekkers, blomme en wolke



WELKOM

- Gaan buitentoe en vind iets wat jy kan sien, voel, hoor, of ruik. Jy kan self eetbare items bring waaraan hulle kan proe. Bring dit terug en beskryf dit vir die groep/n maatjie bv. 'n growwe klip, die geluid van 'n voëltjie, 'n wolk wat 'n snaakse vorm het of 'n blom wat lekker ruik. (Indien dit reën buite, gaan soek goedjies binne, maak nie saak hoe klein dit is nie.)
- Gaan begrawe goedjies onder die grond of in 'n sandboks (soos houtblokkies, lego's, albasters, klippies, blare of enigiets wat die kinders maklik sal kan vind en onderskei as iets besonder in die grond of sand). Gee die kinders kans om te wonder oor waar hierdie item al tevore was en die stories wat dit dalk sou kon vertel.



WYDING

Sing die **temalied** soos in ontmoeting 15.

Stilword-ritueel:

Vat jou sandbak (waaraan almal kan vat) en vra die kinders om hulle hande daarin te steek. Terwyl die kinders aan die sand vat, kry elkeen 'n kans om dankie te sê vir iets deur dit in die sand met hulle vingers te teken. Die leier kan die gebed begin met: “Dankie Liewe Jesus, ons is so dankbaar vir...” en elke kind kry 'n kans om iets te sê (bv. ouers, 'n troeteldier, 'n maatjie, iets lekker wat hulle geëet het, ens.). Almal sê saam aan die einde: “Amen!”



WOORD

Die verteller kan soos 'n myner aangetrek wees. Hy/sy kan 'n kopligh en harde hoed ('n regte een of 'n nagmaakte een) dra en 'n graaf/pik ('n regte of nagmaakte een) saamdra.

Vertel die volgende storie:

“Weet julle watter werk ek doen?” (*Wag vir reaksie.*) “Jaaa, ek werk elke dag in die myne. Ek is altyd besig

om te soek vir mooi en spesiale goeters onder die grond. Weet julle, ek het al diamante gekry, goud, silwer, selfs mooi klippe wat ek nog nooit tevore gesien het nie!

Wat dink julle het ek alles nodig om onder die grond te kan grawe? (*Gee die kinders kans om te reageer.*)

Jaaa! Ek kort:

- 'n Graaf (om mee te grawe)
- 'n Pik (om klip mee weg te kap)
- 'n Harde hoed (net vir ingeval ek te hard kap en 'n stuk klip val op my kop!)
- 'n Kopligh of 'n lampie (sodat ek kan sien wanneer dit donker is)
- 'n Kaart (sodat ek weet waar om te grawe en waar ek reeds gegrawe het). Maar partykeer verdwaal ek in elk geval!

Ek het al hierdie gereedskap nodig sodat ek allerhande skatte onder die grond kan uithaal. Dit is vir my so lekker om te soek en te soek, want dis asof daar weggesteekte verrassings onder die grond is. Soms weet ek presies waarvoor ek soek, dan hou ek aan soek totdat ek dit gekry het. Ander kere weet ek glad nie waarvoor ek soek nie en dan kry ek die wonderlikste verrassings! Weet julle, partykeer vind ek goed en dan weet ek nie waarvoor ek dit nodig het nie, maar ek weet sommer dat dit baie waardevol vir my gaan wees en dat ek dit vir later moet bêre.

Partykeer wanneer ek 'n plek kry waar ek 'n groot verrassing ontdek het, kamp ek sommer daar, want dan is die verrassing te groot om te skuif of uit te haal en ek wil so 'n bietjie langer daarna kyk. Ek dink dis 'n verrassing wat ander mense ook moet vind, maar ek kan dit nie self vir hulle gee nie. Maar ek kan hulle daarheen vat sodat hulle dit kan sien! Het julle geweet dat God vir ons ook baie kosbare skatte in die lewe gee? Ons gaan nou 'n bietjie soek na God se skatte.

Elkeen kry 'n koevert (of maak een). Kleur die koeverte in om soos skatkiste te lyk. Knip hartjies (liefde), horlosies (geduld), pleisters (omgee en versorging), smiley faces (vreugde), hande (help), lekkers (om te deel), blomme (God se voorsiening) en wolke (God se seëninge). Die kinders kry kans om die skatte op te grawe en uit te ruil sodat almal een van elkeen het. Kinders pak dit dan in hulle skatkiste weg en kan dit huis toe neem om later weer daarna te kyk en dit vir ander mense te verduidelik.

(Probeer die kinders begelei om te ontdek dat daar baie skatte in die koninkryk is. Die Bybel is 'n skat omdat dit God se Woord is. Om te ontdek dat jou sondes vergewe word, is 'n groot skat. As jy kan ontdek dat die Here vir jou sorg, het jy 'n wonderlike skat ontdek.)

Die kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder waar God orals verrassings wegsteek?
2. Ek wonder of God verrassings binne mense wegsteek? Dalk binne my?
3. Ek wonder hoekom God verrassings vir ons wegsteek?
4. Ek wonder hoe ek hierdie verrassings kan opgrawe?



- ✍ Inkleurprent vir kleiner kinders.
- ✍ Maak verkykers met toiletrolle en kleeflint.
- ✍ Maak 'n vergrootglas met roomysstokkies, kartonsirkels en sellofaan.
- ✍ Vat die skat wat jy gevind het huis toe. Vertel vir iemand by die huis wat dit beteken en gaan steek dit saam iewers in die huis of dorp weg sodat julle dit eendag weer daar kan gaan soek.

Sluit af met die **seënbede** soos by ontmoeting 16.



